

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

R0.30

Saturday 1 July 1989

WINDHOEK

Saterdag 1 Julie 1989

No. 5742

CONTENTS:

INHOUD:

		<i>Page</i>		<i>Bladsy</i>
GENERAL NOTICES			ALGEMENE KENNISGEWINGS	
No. 78	Grootfontein Municipality: Rates and taxes outstanding five years and longer	1	No. 78	Munisipaliteit Grootfontein: Eiendomsbelasting uitstaande vyf jaar en langer
No. 79	Municipality of Keetmanshoop: Permanent closing of streets	2	No. 79	Munisipaliteit van Keetmanshoop: Permanente sluiting van strate en lane . . .
No. 80	City of Windhoek: Temporary closing of portion 1 of erf 7075 Katutura	3	No. 80	Stad Windhoek: Tydelike sluiting van gedeelte 1 van erf 7075 Katutura: Uitbreiding 16 - openbare oop ruimte
No. 81	City of Windhoek: Permanent closing of portion 1 of public open space erf 7351 Katutura Extension 17	4	No. 81	Stad Windhoek: Permanente sluiting van gedeelte 1 van openbare oop ruimte erf 7351 Katutura uitbreiding 17
No. 82	Municipal election Municipality of Gobabis: Election expenses	4	No. 82	Munisipale verkiesing: Munisipaliteit van Gobabis: Verkiesings uitgawe

General Notices

Algemene Kennisgewings

MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN

GROOTFONTEIN MUNISIPALITEIT

No. 78 1989
RATES AND TAXES OUTSTANDING FIVE YEARS AND LONGER

No. 78 1989
EIENDOMSBELASTING UITSTAANDE VYF JAAR EN LANGER

Notice is hereby given to the registered owners or their successors in title that the undermentioned properties in Grootfontein Town, in terms of the

Kennis geskied hiermee aan die ondergemelde geregistreeerde erfeienaars of hul opvolgers in titel, dat die ondergenoemde erwe, geleë in Grootfon-

Municipal Ordinance 13 of 1963, Article 171(1) to (8), will be sold to recover arrear rates and interest should it not be paid within THREE MONTHS from the date of the last publication hereof.

Registered owner	Erf No.
Mr J G Madden	448
Mr P J Hockey	33, Luiپرده‌ه‌و‌ه‌ل

tein Dorp, kragtens die Munisipale Ordonnansie 13 van 1963 Artikel 171(1) tot (8) verkoop sal word ter verhaling van agterstallige eiendomsbelasting en rente indien u nalaat om dit te betaal binne DRIE MAANDE vanaf datum van laaste publikasie hiervan.

Geregistreeerde Eienaar	Erf Nr
Mnr J G Madden	448
Mnr P J Hockey	33, Luiپرده‌ه‌و‌ه‌ل

No. 79

1989

**MUNICIPALITY OF KEEMANSHOOP
PERMANENT CLOSING OF STREETS**

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(iii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance No 13 of 1963), as amended, that the Municipal Council of Keetmanshoop intends closing permanently the undermentioned street as indicated more fully on Plan "B" lying open for inspection at the office of the Town Clerk during normal office hours:

- Erf 832 (STREET) Keetmanshoop Township, be closed in its entirety.
- Fourteenth-, Fifteenth- and Sixteenth AVENUES be completely closed.
- Second STREET be closed from Fourteenth AVENUE to where it joins Sixteenth AVENUE.
- Third STREET be closed from thirteenth AVENUE to where it joins Sixteenth AVENUE.
- Fourth- and Fifth STREETS be completely closed from Fourteenth AVENUE to where they join Sixteenth AVENUE.

Any objections to the proposed closing are to be served on the Town Clerk, Private Bag 2125, Keetmanshoop, within thirty (30) days from the

No. 79

1989

**MUNISIPALITEIT VAN KEETMANSHOOP
PERMANENTE SLUITING VAN STRATE EN
LANE**

Kragtens die bepalings van artikel 183(1)(b)(iii) van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), soos gewysig word hiermee bekend gemaak dat die Stadsraad van voorneme is om die STRATE en LANE hieronder omskryf, en soos aangedui op Plan "B" wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê, permanent te sluit:

- Erf 832 (STRAAT) Keetmanshoop Dorp, in sy geheel gesluit word.
- Veertiende-, Vyftiende-, en Sestiende- LANE in geheel gesluit word.
- Tweede STRAAT gesluit word vanaf Veertiende LAAN tot Sestiende LAAN.
- Derde STRAAT gesluit word vanaf Dertiende LAAN tot Sestiende LAAN.
- Vierde- en Vyfde STRATE gesluit word vanaf Veertiende LAAN tot Sestiende LAAN.

Besware, indien enige, teen die voorgename sluiting van die strate moet ingevolge die bepalings van Artikel 183(3) van voormelde Ordonnansie

date of publication of this notice in terms of Section 183 (3) of the aforementioned Ordinance.

PJ BOONZAAIER
TOWN CLERK

MUNICIPALITY
Private Bag 2125
KEETMANSHOOP
9000

binne dertig (30) dae na verskyning van hierdie kennisgewing skriftelik aan die Stadsklerk, Privaatsak 2125, Keetmanshoop bestel word.

PJ BOONZAAIER
STADSKLERK

MUNISIPALITEIT
Privaatsak 2125
KEETMANSHOOP
9000

No. 80

1989

CITY OF WINDHOEK

TEMPORARY CLOSING OF PORTION 1 OF
ERF 7075 KATUTURA EXTENSION 16 —
PUBLIC OPEN SPACE

Notice is hereby given in terms of Section 182(1) & (2) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close temporarily the undermentioned portion as indicated on plan P/2350/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

TEMPORARY CLOSURE OF PORTION 1 OF
ERF 7075 KATUTURA EXT 16

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P O Box 59, Windhoek, in accordance with Article 193 (3) of the above Ordinance within 30 days after the appearance of this notice.

W J KOTZE
TOWN CLERK

No. 80

1989

STAD WINDHOEK

TYDELIKE SLUITING VAN GEDEELTE 1
VAN ERF 7075 KATUTURA UITBREIDING 16
— OPENBARE OOP RUIMTE

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 182(1) & (2) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeelte soos aangedui op plan P/2350/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat, ter insae lê, tydelik te sluit:

GEDEELTE 1 VAN OPENBARE OOP UIMTE
ERF 7075 KATUTURA UIT. 16

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 193(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZÉ
STADSKLERK

No. 81

1989

CITY OF WINDHOEK

PERMANENT CLOSING OF PORTION 1 OF
PUBLIC OPEN SPACE ERF 7351 KATUTURA
EXTENSION 17

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/2336/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 702, Municipal Offices, Kaiser Street:

PORTION 1 OF PUBLIC OPEN SPACE ERF
7351 KATUTURA EXT. 17

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Development Planning, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P O Box 59, Windhoek, within 30 days after the appearance of this notice.

W J KOTZÉ
TOWN CLERK

No. 81

1989

STAD WINDHOEK

PERMANENTE SLUITING VAN GEDEELTE
1 VAN OPENBARE OOP RUIMTE ERF 7351
KATUTURA UITBREIDING 17

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalinge van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangdui op plan P/2336/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 702, Stadshuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

GEDEELTE 1 VAN OPENBARE OOP
RUIMTE ERF 7351 KATUTURA UIT. 17

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 193(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Ontwikkelingsbeplanning, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZÉ
STADSKLERK

No. 82

1989

MUNICIPAL ELECTION

MUNICIPALITY OF GOBABIS
date of Election - 10 May 1989

ELECTION EXPENSES

The following particulars are published in terms of section 86 of the Municipal Ordinance. (Ordinance No 13 of 1963). The headings referred to are as follows:-

- a) Purchasing of voters rolls;

No. 82

1989

MUNISIPALE VERKIESING

MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS
Datum van verkiesing - 10 Mei 1989

VERKIESINGSUITGAWE

Die volgende besonderhede word bekend gemaak ooreekomstig Artikel 86 van die Munisipale Ordonnansie (Ordonnansie Nr. 13 van 1963).

Die hoofde waarna verwys word is soos volg:-

- a) Die aankoop van kieserslyste;

- | | |
|---|--|
| b) printing, advertising, publishing, issuing and distributing of addresses, notices and posters requesting the support of voters; | b) Die druk, advertering, publisering, uitreiking en uitdeling van toesprake, kennisgewings en plakkate waardeur die ondersteuning van kiesers gevra word; |
| c) stationery, messages, postages and telegrams; | c) skryfbehoeftes, boodskappe, posgelde en telegramme; |
| d) one central committee room and one committee room in respect of every polling place; | d) een sentrale Komiteekamer en een komiteekamer ten opsigte van elke stemplek; |
| e) public meetings and the hiring of halls and premises therefor; | e) publieke vergaderings en die huur van sale en persele daarvoor; |
| f) the hire of vehicles; | f) die huur van rytuie; |
| g) scrutineers; | g) tellingagente; |
| h) one election agent for the candidate or for any number of joint candidates; | h) een verkiesingsagent vir die kandidaat of vir enige getal gemeenskaplike kandidate; |
| i) one polling agent only; | i) een stemagent en nie meer nie; |
| j) one clerk and one messenger to perform the tasks in every committee room and the hire of one telephone and one typewriting machine for every committee room; | j) een klerk en een bode om die werk in elke Komiteekamer te verrig en die huur van een telefoon en een tikmasjien vir elke komiteekamer; |
| k) the reasonable and actual personal expenses of the candidate which shall not exceed one hundred rand. | k) die redelike en werklike persoonlike uitgawes van die kandidaat wat hoogstens eenhonderd rand mag bedra. |

PARTICULARS OF EXPENSES BY
CANDIDATES

BESONDERHEDE VAN UITGAWES DEUR
KANDIDATE

MUNICIPALITY OF GOBABIS

MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS

NAME	EXPENSE- HEADING	AMOUNT
J G L Gouws	A - K	NIL
H M Joubert	A - K	NIL
I F W Nolte	A - K	NIL
J C Smit	A - K	NIL

NAAM	UITGAAF- HOOFDE	BEDRAG
J G L Gous	A - K	NIL
H M Joubert	A - K	NIL
I F W Nolte	A - K	NIL
J C Smit	A - K	NIL